# GEMEENTEBRIEF OKTOBER 2025

**Wat jy hier in jou hand het, is 'n Gemeentebrief wat uitsluitlik handel oor die pad vorentoe van die NG Kerk Windhoek-Oos, presies in die jaar van die 65ste viering van ons bestaan.**
**In die woestyn leer 'n mens om te loop waar daar nie 'n pad is nie.**
**Trek nou vir jou 'n gemaklike stoel nader. Maak vir jou 'n koppie koffie of tee.**
**Ons wil graag met jóú praat – van mens tot mens; van huis tot huis.**
**Die kerkraad is aan die woord ...**

## DIE GEMEENTEPROSES

Einde Oktober tree Hendrik af, soos jy dalk reeds weet. Ses-en-dertig jaar. Dink net. Hy was hier toe party van ons nog nie eers gebore was nie. Hy was hier toe Namibië onafhanklik geword het. Hy was hier deur droogtes en goeie reënjare, deur blydskap en hartseer. Sy lewe is verweef met ons s'n. En nou gaan hy dit bietjie rustiger vat. Ons harte is vol en dankbaar. Maar nou wil ons met jou praat oor wat kom.

### • ONS GAAN NIE NOU 'N TWEEDE DOMINEE BEROEP NIE

Ja, jy lees reg. En ons weet wat jy moontlik mag dink. Nie so lank gelede nie het ons drie dominees gehad. Nou bly net een oor. En hy is nog maar kort hier. Jy wonder dalk: "Gaan ons dit regkry?" Of: "Is die gemeente besig om te kwyn?"

### • ONS WEET SELF NIE AL DIE ANTWOORDE NIE

Die kerkraad het nie 'n perfekte plan in 'n lêer in die konsistorie nie. Ons loop op 'n pad wat onsself nie heeltemal kan sien nie. En as jy dink dit klink vreemd – onthou hoe ons voorouers hierheen gekom het, hoe hulle in hierdie droë land wortel geskiet het sonder 'n handleiding. Party van die beste dinge in die lewe gebeur wanneer jy net moet vertrou en bly loop. Maar hier is die ding: **Ons is nie bekommerd nie. Ons is opgewonde.** En ons wil hê jy moet verstaan hoekom.

### • JY MAAK NIE NET 'N SITPLEK VOL NIE. JY IS GEROEP OM AS DISSIPEL VIR JESUS TE VOLG

Kom ons sê dit só: Jy is nie hier om net Sondae op te daag en te luister nie. Jy is nie bloot 'n nommer of naam in 'n register nie. Jy het iets wat hierdie gemeente nodig het – iets wat net jy kan gee. Wat God vir jou gegee het. Paulus het in 1 Korintiërs 12 geskryf dat ons almal lede van Christus se liggaam is. Elkeen is 'n dissipel van Jesus. Elkeen het 'n rol. En jy? Jy het gawes. Dalk het jy dit al ontdek. Dalk lê dit nog en wag om ontdek te word.
**Dalk is jy die een** wat altyd weet wanneer iemand sukkel – nog voor hulle dit sê.
**Dalk is jy die een** met 'n bakkie (of 'n Hilux) en hande wat weet hoe om te werk.
**Dalk is jy die een** wat kan organiseer – goed gebeur as jy betrokke is.
**Dalk is jy die een** met die regte woorde op die regte tyd.
**Dalk is jy die een** wat stil is, maar vir ander bid.
Wat dit ook al is (en mens kan nog baie hier byvoeg) – ons het dit nodig. Nie omdat ons desperaat is nie, maar omdat dit is hoe die kerk veronderstel is om te werk. Nie een mens wat alles doen nie, maar almal wat saamdoen.

David Bosch, een van Afrika se groot teoloë, het gesê sending gaan nie oor die uitbreiding van die kerk nie – dit gaan oor God se mense wat deel is van God se werk in die wêreld. Dis joú werk. Ook. Hier in Windhoek-Oos.

## DIT GAAN NIE MAKLIK WEES NIE

Kom ons wees eerlik. Jy is gewoond daaraan dat die dominee die besoeke doen, die nood verlig, die programme beplan. Dit is gemaklik. En nou gaan ons dalk van jou vra om self meer te doen. Jy gaan dink: "Maar ek is mos nie 'n dominee nie." Of: "Ek weet mos nie genoeg van die Bybel nie." Of: "Wat as ek foute maak?" En hier is ons antwoord: **Welkom by *die "klub."*** Ons almal voel so. Die apostels het ook so gevoel. Maar hulle het geloop, en al lopende het hulle geleer. "Soos jy loop, of soos jy lewe waar jy is", so vertaal Dallas Willard die "gaan dan" van Matt. 28:19.
In **Jesaja 43:19** staan daar: ***"Let op! Ek gaan iets nuuts laat gebeur. Dit het alreeds begin. Kom julle dit nie agter nie? Ek maak deur die woestyn 'n pad vir my volk om terug te kom. Ek laat riviere deur verlate plekke loop."*** Ons Namibiërs ken die woestyn. Ons weet hoe om in droë plekke te leef. Ons weet hoe om aan te hou wanneer dinge moeilik is. En ons weet dat God water gee waar daar geen water is nie.

## WAT REEDS VASSTAAN

Party dinge verander nie, maak nie saak wat gebeur nie:
**God se liefde** vir ons – so vas soos die rotsformasies waarop Windhoek gebou is. Jy is geliefd. Presies soos jy is.
**Die 6 gewoontes** – dit bly ons hartklop. Dit is wie ons is.
**Mekaar versorg** – ons is 'n Namibiese gemeente. Ons gee om vir mekaar. Ons laat niemand alleen sukkel nie. Dit is in ons bloed.

## KOM ONS PRAAT

Ons wil na mekaar bly luister. Met koffie. 'n Bier. 'n Braai. Net waar ons is. Soos ons die pad beplan - en wonder en saam dink en bid oor hoe ons ons gawes met intensie gaan uitleef. Ons wil hoor wat jy dink. Wat jou bekommerd maak. Wat jou opgewonde maak. Waar jy God sien werk. Waar jy dink jou plek in die geheel is. Want dit is die ding: **Ons het nie 'n plan vir jou nie. Ons wil saam met jou uitvind hoe dit moet lyk.** Eugene Peterson het gesê 'n gemeente is soos 'n orkes. Almal speel nie dieselfde instrument nie. Maar saam maak ons musiek wat die hemel nader bring. Watter instrument speel jy?

## 'N LAASTE WOORD VIR JOU

Namibiërs weet hoe om aan te pas. Ons weet hoe om te volhard. Ons weet hoe om te droom en hoe om 'n plan te maak waar daar nie een is nie. Dit is deel van wie ons is. En nou vra ons jou: Kom loop saam met ons hierdie pad. Dit is nie 'n perfekte pad nie. Dit is nie noodwendig 'n maklike pad nie. Maar dit is óns pad. Jesus het vir sy dissipels in Matteus 28:20 gesê: ***"En onthou: Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."*** Hier waar ons is. Hier in Windhoek-Oos. In hierdie land. Op hierdie pad. Kom ons loop saam. Jesus stap reeds voor.

Met liefde, tot ons spoedig weer gesels

**Die Kerkraad**: **NG Kerk Windhoek-Oos**